Meltwater
Outside Insight



**Publication:** Burger, Die (Suid-Kaap) - Main
**Title:** OB moet ministers se `soustrein` bekyk
**Publish date:** 12 Oct 2022
**Page:** 1

**Reach:** 47400
**AVE:** R 102687.55
**Author:** Llewellyn Prince

# OB moet ministers se 'soustrein' bekyk

## DA eis afskaffing van ministeriële handboek

**Llewellyn Prince**

Die ministeriële handboek (MH) wat welgestelde ministers daarvan vrywaar om vir elektrisiteit en water by hul ampswoning te betaal, gaan waarskynlik deur die openbare beskermer (OB) ondersoek word.

Die DA het gister bekend gemaak dat hy 'n amptelike klag by die OB-kantoor gaan indien én gaan versoek dat die omstrede handboek heeltemal afgeskaf word.

Openbare verontwaardiging het uitgebreek nadat die bepalings van die jongste weergawe van die MH die afgelope paar dae aan die lig gekom het in 'n tydperk waarin Suid-Afrikaners aan stygende lewenskoste, beurtkrag en waterbeperkings onderwerp word.

Dit is reeds in April deur pres. Cyril Ramaphosa goedgekeur.

Cosatu het die byvoordele vir ministers daarin selfs as "ontoepaslik, onsensitief" en "skandalig" beskryf en eis ook die afskaffing daarvan.

Die presidensie het gister teen druktyd nie op verdere navrae oor die kwessie gereageer nie.

**Heerengracht 40, Kaapstad**
**107de jaargang**

### Ander byvoordele

**Volgens die jongste ministeriële handboek geniet ministers ook ander byvoordele soos:**

- 'n Ampswoning in Pretoria en Kaapstad elk.
- 'n Huishoudelike werker per ampswoning.
- Die installering van faks- en internet/WiFi-geriewe, rekenaartoerusting en relevante televisie-intekendienste vir amptelike gebruik in die ampswoning.
- Veiligheidspersoneel by hul ampswoning én een ander private woning.
- 'n Waghuis by enige ampswoning.
- Ondersteuningspersoneel in sy of haar private kantoor.
- Gratis rekenaartoerusting en 'n selfoon met 'n jaarlikse perk van R60 000 op oproepe.
- 'n BBP-motorbestuurder en beskermingsbeamptes van die polisie.
- 'n Ampsmotor van nie duurder nie as R700 000 in Pretoria en Kaapstad elk.
- Altesaam 20 binnelandse ekonomieseklas- enkelvliegkaartjies vir ministers en hul gades per jaar, met ses bykomende enkelkaartjies per jaar vir afhanklike kinders.
- Ministers en hul adjunkte mag deur hul gades op twee internasionale reise per jaar vir werk vergesel word.
- Oorsee moet ministers gebruik maak van hotelle wat by hul "status pas", maar redelike tariewe het ("vyfsterhotel of ekwivalent van 'n Suid-Afrikaanse vyfsterhotel").

> **Daar moet gevolgebestuur wees.**
> — Tintswalo Masia

Phumla Williams, kabinetswoordvoerder, het Maandag egter bevestig dat die departement van openbare werke en infrastruktuur volgens die MH verantwoordelik is vir die water- en kraguitgawes by alle ministeriële ampswonings.

LP's het gister egter van die kantoor van die ouditeur-generaal (OG) gehoor dat die departement, waarvan Patricia de Lille die minister is, se opgehoopte onreëlmatige uitgawes in 2021-'22 sowat R2,1 miljard beloop het. Dié departement is deur sy "prestigeportefeulje" verantwoordelik vir die amptelike verblyf- en ander byvoordele van ministers en LP's.



Pres. Cyril Ramaphosa

Tintswalo Masia, senior ouditbestuurder by die OG-kantoor, het in die portefeuljekomitee oor openbare werke en infrastruktuur ook haar kommer uitgespreek omdat daar geen gevolgebestuur vir dié onreëlmatige uitgawes was nie. Die komitee het gister die departement se oudit- en jaarverslag bespreek.

> **Weer eens 'n vorm van integriteitlose regering.**
> — Prof. Erwin Schwella

Volgens Masia is geen onreëlmatige uitgawes ook tot dusver deur die departement verhaal nie en is geen invorderingsproses daarvoor al begin nie. "Dit is 'n kommerwekkende faktor. Daar moet gevolgebestuur wees."

Intussen het dr. Leon Schreiber, DA-LP en woordvoerder oor staatsdiens en administrasie, gister verder namens sy party gesê dat die OB-klag die jongste stel "aalmoese aan ANC-kaders" gaan uitdaag en die MH in die geheel gaan betwis.

Volgens hom is daar tans geen wet wat voorsiening maak vir die MH se bestaan nie, "wat die president diktatoriale mag gee om belastingbetalers te dwing om vir die byvoordele van ministers te betaal".

"Dit is om dié rede dat die president die MH in April (vanjaar) in die geheim kon wysig om hierdie nuwe byvoordele toe te laat sonder om eers die moeite te doen om die parlement in te lig."

Volgens Schreiber skend Ramaphosa se optrede die etiekkode vir die uitvoerende gesag.

Die DA meen die parlement moet eerder oor byvoordele vir ministers besluit.

Prof. Erwin Schwella, 'n regeerkundige aan die Hugenote-kollege in Wellington, het gister in sy reaksie gesê dit wil voorkom asof die MH "in stilte goedgekeur is, omdat hulle geweet het dat dit groot reaksie sou uitlok".

"Of dit regtens gedoen kan word of nie, dit is in elk geval nie wat ons verwag van 'n president wat verantwoordelik of verantwoordbaar sou optree teenoor die mense in die land wat swaarkry en arm is nie. Daar word nie van 'n president verwag om vir sy knus groepie stil-stil 'n klompie ekstra voordele, wettig of onwettig, te gryp nie.

"In die onwaarskynlike situasie dat daar hiervoor eksplisiete regsbevoegdheid is – en al sou daar wees – sal dit uiteindelik onder die omstandighede weer eens 'n vorm van integriteitlose regering wees," het Schwella gesê.



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.